

18 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13 (NAV)
Fokusgedeelte: Jesaja 55:8-11

Kom, almal wat dors het, kom na die water toe

Mense is almal op soek na verlossing – uitkoms uit 'n uitsiglose, sonde-vervalle bestaan (soos die Here se volk in ballingskap). Ongelukkig baie keer in iets wat nie regtig “kan versadig” nie. Die gejaag van die een doelwit na die volgende, van die een prestasie na die ander, bevestig dit. Ons bly “dors” ...

Vir sulke “dorstiges” nooi die Here: “... *selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet ...*” Net sy verlossingswoord kan regtig uitkoms, vervulling en troos bring. Maar “waarom”, vra jy, “sal ek dit waag om my op sy Woord te verlaat?”

Die Here gee vir ons twee waarborge om ons op te roep om Hom te vertrou:

- “*My gedagtes is nie soos julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here*” (vs. 8-9). Volgens ons gedagtes lyk dit soms onmoontlik dat iets aan ons situasie gedoen kan word, maar omdat God groter is as ons, kan en moet ons glo dat alle dinge by Hom moontlik is. God is in sy diepste wese anders en groter as ons – ten opsigte van sy almag, genade en vergifnis.

- D
ie Here se Woord sal “*nie onverrigtersake na My toe terugkeer nie*” (vs. 10-11). Soos die reën en die sneeu uit die hemel val en wonderbare groei op aarde bewerk, so het sy woorde 'n heilsame uitwerking op dié wat dit hoor! Iemand het op 'n keer gesê dat God se Woord soos 'n tydbom werk. Dit gaan nie dadelik af nie. Daar is gewoonlik 'n wagperiode, maar wanneer die Woord in vervulling gaan, is dit soos 'n ontploffing wat 'n totale landskap verander!

Hoe kan ons anders as om aan die krag van sy wonderwerkende Woord te glo, as Jesus Christus die Woord is wat Mens geword het om aan ons sy “heerlikheid, vol genade en waarheid” te openbaar (Joh. 1:14). “Die water wat Ek hom sal gee”, sê Jesus, “sal in Hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee” (Joh. 4:14).

Sing: Psalm 42:1 (2001)

Ds. HC van Rooy (Randburg)